

Saterdag 5 Januarie

Skrifgedeelte: Psalm 13

Fokusgedeelte: Psalm 13:1-6

Vir hoe lank nog?

Wanneer jy Psalm 13 lees, kan jy amper nog Dawid se benoude stem hoor uitroep: “Hoe lank nog”! Dawid is menslik gesproke op die punt van ’n totale ineenstorting, dinge raak eenvoudig te veel vir hom. Vier keer in twee verse roep hy dit uit “Hoe lank?” Dawid staar hom blind teen mense en sy eie onvermoë. Dawid se gedagtes is in ’n maalkolk en sy omstandighede oorskadu alles sodat hy selfs die HERE nie raaksien nie.

Die gelowige is in hierdie wêreld, en hierdie wêreld is “aan nietigheid onderworpe” (Rom. 8:20). Die gelowige se lewe is ook dikwels in ’n maalkolk van worstelinge en saam met die skepping word daar gesug en is ons saam in barensnood (Rom. 8:22). Wanneer die storms van die lewe so ’n oorweldigende werklikheid is, kan alles verlore lyk. Ons kan net soos Dawid en Petrus (Matt. 14:30) ons blindstaar teen die golwe van die lewe. Ons roep ook dikwels: Hoe lank nog?

Deur die genade het Dawid geloof ontvang en besef die probleem lê by hom. Hy smeeek by die almagtige, getroue Verbondsgod om sy oë te verlig, eintlik op te rig van die wêreldse aanslae na die hemelse heerlijkheid en trou van God. Met geloofsoë verander sy hulpkreet in ’n oorwinningskreet, ’n lofsang! God verlig Dawid se oë en hoewel sy omstandighede nie verander het nie, kan hy sing van God se goedheid en trou. In Hebreërs 11: 1 staan: “Die geloof dan is ’n vaste vertrouwe op die dinge wat ons hoop, ’n bewys van die dinge wat ons nie sien nie.”

Jesus Christus het ons las op Hom geneem, Hy was deur God verlaat sodat ons nooit, onder geen omstandighede, verlaat sou word nie. Wanneer ons vashou aan die Woord en met verligte, opgerigte oë, wat die Heilige Gees as Trooster skenk, na die aanslae kyk, dan kan ons te midde van al die sugtinge God loof en prys!

Bid vir verligte oë (Ef 1:18) en sien dat God met sy kinders oppad is en niks kan Hom keer nie!

Sing: Psalm 84-1:6

Ds. HL Stavast (Henk) (Totiusdal)